

Nico van Gijsen: Spaar op boedelbelasting deur dié plan te volg

 netwerk24.com/sake/geldsake/nico-van-gijsen-spaar-op-boedelbelasting-deur-die-plan-te-volg-20260814-0719

Dié van ons wat weet, weet dat lewensversekering die goedkoopste en sekerste manier is om 'n geldbron vir naasbestaandes te skep, skryf Nico van Gijsen.

Ek kyk vandag na die vraag oor hoe jy 'n lewenspolis tesame met 'n trust inter vivos (in lewe opgerig) kan gebruik om vir naasbestaandes te sorg. En terselfdertyd te bespaar op boedelbelasting.

Ons noem dit 'n lewensversekeringbefondsde trust.

Ek bespreek die verskillende komponente afsonderlik om dit meer verstaanbaar te maak.

Hoekom 'n trust?

Trustbates val normaalweg nie in jou boedel vir boedelbelasting nie. Dis hoekom baie welvarende mense bates in trust hou as deel van hul boedelbeplanning.

By dood gebeur daar niks met bates wat in 'n trust is nie. Die dood van die trustoprigter raak nie die trust nie en dit raak ook nie die begunstigdes in die trust nie.

Mits, natuurlik, die trustakte korrek opgestel is en dat jy as trustoprigter nie die trust tot jou eie voordeel kon gebruik het nie. As jy het, kan trustbates in jou boedel ingetrek word vir die berekening van boedelbelasting by jou dood.

Maar in die algemeen, as alles reg gedoen word en daar nie die een of ander onderduimsheid (lees: belastingspeletjies) betrokke was nie, is trustbates buite jou boedel.

Om dié rede – trustbates val nie in jou boedel nie – maak dit sin om deur lewensversekering geld in die trust te kry by jou sterfte, wat deur die trustees aangewend kan word vir die begunstigdes van die trust. Vir hulle alleen. Geen familietwis nie. Geen ongelukkige erfgename nie.

En dié van ons wat weet, weet dat lewensversekering die goedkoopste en sekerste manier is om 'n geldbron vir naasbestaandes te skep. Dis seker geld, want dood gaan jy dood.

Boedelbelasting

Art. 3(3)(a) van die Wet op Boedelbelasting (wet 45 van 1955) bepaal dat 'n polis wat uitbetaal by jou sterfte as geagte eiendom in jou boedel opgeneem word en dus vatbaar is

vir boedelbelasting.

Dit maak nie saak of die polis aan iemand anders uitbetaal of nie. Dis jou dood wat die polis intrek, nie aan wie hy uitbetaal nie.

Daar is enkele uitsonderings, byvoorbeeld 'n polis wat aan 'n gade uitbetaal, polisse wat koop-en-verkoop-ooreenkomste finansier en sleutelpersoonversekeringspolisse wat uitgesluit is, maar anders as dit, geld dit elke binnelandse polis wat uitbetaal op jou lewe.

Die lewensversekeringbefondsde trust

Soos ek hierbo noem, is die doel van die lewensversekeringspolis om geld te skep in die trust.

Dis maklik om te reël. Jy kan eenvoudig 'n polis op jou lewe uitneem en dit aan die trust begunstig. Boedelbelasting is ter sprake.

Daar is egter 'n groot besparing op boedelbelasting moontlik as die stappe gevolg en die plan reg uitgevoer word.

Alles draai om 'n subklousule van art. 3(3)(a) wat bepaal dat alle premies wat op 'n lewenspolis betaalbaar is, plus 6% rente daarop per jaar (saamgestelde rente word aanvaar), aftrekbaar sal wees vir boedelbelasting as aan twee voorwaardes voldoen is: iemand anders as die versekerde lewe moes die premies betaal het; en die persoon wat die premies betaal het, moet geregtig wees op die polisopbrengs.

Dit kan oor tyd 'n beduidende bedrag wees wat aftrekbaar sal wees voordat boedelbelasting bereken word.

Benewens dié voorwaardes, is daar veral twee uitstaande vereistes om die plan werkbaar te maak.

• Versekerbare belang

Daar moet 'n versekerbare belang wees om 'n polis te kan uitneem. Dit kan moeilik wees vir die trust om 'n versekerbare belang te toon in jou (die trustoprigter se) lewe.

Om hier rondom te kom, maak dit sin dat die versekerde lewe (jy) self die polis uitneem. Elke mens het 'n byna onbeperkte belang in sy eie lewe en dit los dié vraag op.

Die versekerde betaal die eerste premie op die polis en verkoop dan die polis aan die trustee teen die prys van dié premie. Dit sal dan bygetel kan word by die premies waarop die 6% bereken word vir aftrekking vir boedelbelasting.

• Die finansiering van die polispremies

Dis kritiek belangrik dat dié element van die plan korrek toegepas word. Anders val alles

plat.

Die trust moet 'n trust inter vivos wees, wat oor inkomste-genererende bates beskik. Kortom, die trust moet self – op sy eie en sonder bydraes van die versekerde lewe – die premies op die polis kan finansier, wat hom dan die derde party maak wat uit die 6%-toegewing voordeel kan trek.

En dis hier waar die trustakte die plan kan maak of breek.

Die trustakte moet geen klousule in hê wat van die versekerde vereis om geld aan die trust beskikbaar te stel nie.

Daarom sal dit goed wees as geld lank voordat die polis uitgeneem word aan die trust oorgedra word, om kapitaal beskikbaar te hê vir die latere uitneem van die polis, of beter nog, om bates aan te skaf wat inkomste kan genereer om die polispremies te finansier.

'n Seker manier om dié plan te laat misluk is:

- As die versekerde lewe 'n reg op 'n voordeel ingevolge die trustakte het;
- Die versekerde lewe die mag het om enige reg geskep deur die trustakte te wysig of te herroep; en
- Die versekerde lewe die vermoë het om enige trusteiendom van die hand te kan sit tot sy voordeel of tot die voordeel van sy boedel.

Laasgenoemde drie punte geld eweneens die normale hantering van trustbates om te verseker dat trustbates nie in ag geneem sal word vir die berekening van boedelbelasting nie.

Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.